# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (23-27 Maart 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Julle het verlede week hiermee afgesluit, maar gesels weer ‘n bietjie oor wat julle vir Paasnaweek beplan?

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Jesaja 1:1-18
**Tema:** godsdiens kan sonde wees.

# Gespreksvrae:
1. Wat leer ons in die verse oor God en wat leer ons oor ons as mense?

2. God sê dat sy volk hul rug op Hom gedraai het, al het Hy vir hulle gesorg soos ’n pa. Hoe gebeur dit dat mense wat alles van God ontvang het, hul rug op Hom draai? God sê dat nie eens diere dit doen nie.

3. God sê, in geen onduidelike taal nie, dat Hy moeg is vir die volk se offers en gebede omdat hulle lewens nie reg is nie. Sulke godsdiens kan sonde wees. Wat is, volgens julle, die verskil tussen ware Godsdiens en skyngodsdiens?

4. Die volk het aangehou sondig, selfs nadat hulle die slegte gevolge daarvan beleef het. Waarom sukkel ons soms om van sonde af weg te draai?

5. In vers 18 nooi God die volk om weer na Hom toe te kom sodat Hy hulle kan reinig. Wat beteken dit prakties vir ons vandag om toe te laat dat God jou “wit was”?

6. God sê ware godsdiens sluit in dat ons die verdrukkers teëgaan en ook dat ons mense wat swaarkry help. (soos Jakobus 1:27). Ons, as gemeente, doen dit reeds. Hoe kan ons dit vandag nog meer prakties doen?

7. Tot watter konkrete keuse of verandering roep God jou op om nou te maak in jou verhouding met Hom en ander mense?

### GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Kyk weer na jou paasnaweek beplanning – op wie val die klem? Gaan ander mense in die manier waarop ons Paasfees vier, sien oor Wie dit regtig gaan?